higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 2

(11011002)

20 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCNV

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die korrekte higiëneprosedure wanneer voedsel geproe word, is ...

A om 'n lepelvol in jou palm te sit en dit dan dit lek.
B om met die menglepel te proe.
C om 'n klein porsie om 'n kleinbordjie uit te skep en daarvan te proe.
D om die lepel met jou voorskoot af te vee nadat jy geproe het.

1.1.2 Die volgende is NIE 'n siekte wat opgedoen kan word deur voedsel wat 'n mens eet nie:

A Influensa
B Tuberkulose
C Diarree
D MIV

1.1.3 Professionele voorkoms moet nagegaan word …

A in die kombuis.
B terwyl voedsel voorberei word.
C in die aantrekkamer.
D enige plek op die perseel.

1.1.4 In die voedselvoorbereidingsarea is dit raadsaam dat voedselhanteerders …

A uniforms dra.
B netjiese, geverfde naels het.
C nie rook nie.
D se hare onbedek is.

1.1.5 Voedselhanteerders moet hulle hande ... was.

A een maal 'n dag
B in 'n emmer
C vóór en ná hantering van voedsel
D twee keer 'n dag.

1.1.6 Die volgende word in die kombuis toegelaat:

A Sigbare tatoes
B Lyfprieming
C Trouringe
D Grimering

(6 × 1) (6)

1.2 Al die kombuispersoneel moet aan diens wees vir 'n industriële kombuis sodat alles glad verloop.

Stel DRIE stappe voor wat gedoen moet word deur die sjef in beheer wanneer 'n werknemers nie vir sy of haar skof opdaag nie. (3)

1.3 Gee DRIE riglyne om te volg wanneer die volgende toerusting en toebehore skoongemaak word:

1.3.1 Elektriese mengers

1.3.2 Bakke, skottels en vorms

(2 × 3) (6)

1.4 Verduidelik wat jy met foutiewe toerusting sal doen. (3)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Berg besems en borsels met die borselhare na bo.

1.5.2 Berg dweile onmiddellik ná gebruik.

1.5.3 Chemikalieë kan in leë voedselhouers gebêre word.

1.5.4 Wanneer toerusting behoorlik geberg word, word hulle werkslewe verleng.

1.5.5 Elektriese toerusting moet nagegaan word vir tekens van skade voordat hulle geberg word.

1.5.6 Al die kombuispersoneel word toegelaat om in droë stoorkamers in te gaan.

1.5.7 Foutiewe toerusting moet onmiddellik afgeskakel word.

1.5.8 Skoonmaakmateriaalhouers moet skoongemaak en ontsmet word voor berging.

1.5.9 Chemikalieë moet in enige stoorkamer geberg word.

(9 × 1) (9)

1.6 Gee DRIE redes waarom dit belangrik is om bestanddele doeltreffend te berg. (3)
[30]

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron:www.cio.com/article/30970]

2.1.1 Identifiseer wat die prent hier bo verteenwoordig; 'n groep of 'n span. (1)

2.1.2 Gee TWEE redes vir jou keuse in VRAAG 2.1.1. (2)

2.1.3 Omskryf die *keuse* wat in VRAAG 2.1.1 hier bo gemaak is. (2)

2.2 Onderskei tussen 'n *span* en 'n *groep.* Bied jou antwoord in 'n tabel aan. (5 × 2) (10)

2.3 Spanlede het baie verantwoordelikhede terwyl hulle in 'n span werk.

Noem VYF van hierdie verantwoordelikhede. (5)

2.4 Sekere faktore moet oorweeg word vir 'n span om suksesvol te wees.

Identifiseer VYF sodanige faktore wat tot 'n span se sukses bydra. (5)

2.5 Voltooi die gedeelte hieronder om die eienskappe van 'n suksesvolle span te verduidelik. Skryf slegs die ontbrekende woorde langs die nommer (2.5.1–2.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Enige suksesvolle span het 'n duidelike (2.5.1 …) en visie. Meningsverskille word as konstruktief beskou en lede wat moet bereid wees om alle (2.5.2 …) onbevooroordeeld te oorweeg. (2.5.3 …) is ontspanne, met oop kommunikasie en onderlinge ondersteuning. Spanlede (2.5.4 …) hulle eie ontwikkeling, prestasie en ondersoek geleenthede. (2.5.5 …) skuif van lid na lid afhangend van die taak wat uitgevoer moet word. Spanlede identifiseer sterk met die span en voel trots op die manier waarop hulle funksioneer.

(5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 3

3.1 Definieer *voedselhigiëne*. (1 × 2) (2)

3.2 Gee die betekenis van die akroniem HACCP wat in voedselveiligheid gebruik word. (5)

3.3 Verduidelik die verskil tussen die *inhibering van mikrobiese groei* en *om mikroörganismes dood te maak.* (2)

3.4 Identifiseer plekke of oorspronklike bronne waar mikroörganismes kan voorkom. (5)

3.5 Alle voedsel moet geberg word onder toestande wat varsheid sal handhaaf en kontaminasie sal voorkom.

Gee VYF riglyne vir die veilige en korrekte berging van voedsel. (5)

3.6 Insekte veroorsaak kontaminasie in voedselvoorbereidingsareas.

Verduidelik hoe om insekte in voedselvoorbereidingsareas uit te skakel. (4)

3.7 Sommige mikroörganismes is nuttig in voedselproduksie.

Verduidelik hoe gis gebruik kan word. (2)

3.8 Beskryf VYF maniere waarop kombuise en eetkamers skoongehou word om voedselkontaminasie te beperk. (5)

[30]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die tabel hier onder. Noem die toerusting en/of identifiseer sy gebruike. Skryf slegs jou antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

PRENT	NAME	GEBRUIKE
	4.1.1	Verwyder buitenste laag (vel) van groente.
	Sitrusskiller	4.1.2
	Vergiettes	4.1.3
	4.1.4	Maal items soos neute ens.
	4.1.5	4.1.6

(6 × 1) (6)

4.2

INDABA
Africa's top travel show

South Africa
Inspiring new ways

INDABA is een van die grootste toerismebemarkingsgeleenthede op die Afrika-kalender en een van die top drie geleenthede van sy soort op die wêreldkalender wat 'n mens moet besoek.

Suid-Afrikaanse Toerisme het INDABA as 'n platform gebruik om I Do Tourism (IDT) bekend te stel – 'n inisiatief wat daarna streef om Suid-Afrikaners te herinner aan die belang van die toerismebedryf en die rol wat hulle kan speel as voorstander vir Suid-Afrika en toerisme.

Dit is uiters belangrik omdat, alhoewel toerisme 3% tot die land se ekonomie bydra en ongeveer 500 000 poste geskep het die meerderheid Suid-Afrikaners onbewus bly van hoe hulle lewens geaffekteer word wanneer internasionale mense besluit om die land te besoek; of slegs hoe hulle eie vakansie kan bydra om ander Suid-Afrikaners se lewens te verbeter. In werklikheid bly toerisme vir baie Suid-Afrikaners ontoeganklik. Dit bly iets wat 'vir ander mense' is en het dus 'n geringe invloed op hulle dag-vir-dag lewens.

[Bron: http://www.indaba-southafrica.co.za/news/INDABA-2017-south-africans-reminded-to-do-tourism.aspx]

4.2.1 Identifiseer VYF verskillende gasvryheidsheidskundiges vir wie die Indaba nuttig sal wees. (5)

4.2.2 Stel VIER voordele vir Suid-Afrika voor wanneer die land so 'n geleentheid aanbied. (4)

4.2.3 Voorspel hoe DRIE verskillende sektore besigheid kan kry gedurende hierdie Indaba-geleentheid. (3)

4.2.4 Identifiseer EEN bron van inligting wat dikwels in die gasvryheids-, toerisme en reisbedryf gebruik word. (1)

4.2.5 Identifiseer TWEE faktore wat 'n negatiewe effek op die gasvryheids-, toerisme en reissektor kan hê. (2)

4.3 Dit is belangrik om goeie persoonlike higiënepraktyke te volg wanneer 'n mens met voedsel werk om voedselkontaminasie te voorkom. Bespreek kortliks hierdie stelling. (3)

4.4 Verduidelik waarom dit belangrik vir sjefs is om geskikte beskermende klere te dra. (2)

4.5 Verduidelik die behoorlike handewas-prosedure wat in die voedselproduksiearea gevolg moet word. (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Dui aan of die items wat genoem word HERWIN kan word of NIE HERWIN kan word nie. Skryf slegs 'Herwinbaar' of 'Nie herwinbaar nie' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Kartoneierrakkies

5.1.2 Koolpapier

5.1.3 Gloeilampe

5.1.4 Koeldrankblikkies

5.1.5 Melkkartondose

5.1.6 Keramiek breekware

5.1.7 Kartondose

5.1.8 Oorskietkos

5.1.9 Boogklemlêer

5.1.10 Glasbottels

(10 × 1) (10)

5.2 Verduidelik die veiligste manier waarop chemiese afval hanteer moet word. (5)

5.3 Gee riglyne oor die wyse waarop sigaret-, vuurhoutjie- en as-afval voorberei moet word voordat dit weggegooi kan word. (5)

5.4 Verduidelik hoe om vullisblikke skoon te hou. (5)

5.5 Toe die munisipale vullisverwyderingspersoneel gestaak het, het die afval by die restaurant waar jy werk opgehoop.

Verduidelik hoe hierdie situasie hanteer moet word. (5)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou